

RADIOLESSE VIR SKOLE.

Donderdag, 17 Augustus 1939.
11.38 - 11.58 vm.
(Sekondêre standerds).

DIE HUGENOTE. (3).VERHUISING VAN DIE HUGENOTE NA DIE KAAP

deur professor H.B. Thom.

Die vorige keer het ek julle onder andere vertel waarom so baie van die Hugenote hulle vaderland, Frankryk, verlaat het. Hulle is daar meer en meer onderdruk en eindelik in 1685 is die Edikt van Nantes heeltemal opgehef, sodat ^{die} Hugenote nou geen regte meer in Frankryk gehad het nie. Hulle kon selfs nie meer hul godsdienst behou nie; waar hulle nog wel vir aanbidding byeengekóm het, moes dit in die geheim gebeur, byvoorbeeld in private huise of op afgeleë plekke. Onder sulke omstandighede het hulle gevoel dat hulle op vaderlandse grond geen plek meer gegun word nie. Hulle was besonder geheg aan hul godsdienst, en daarom is dit begryplik dat duisende ~~Hugenoet~~ Frankryk verlaat het om in vreemde lande nuwe tuistes te gaan soek, waar hul godsdienst wel geduld sou word.

Onder die lande waarheen Hugenote uitgewyk het, was Holland - of meer korrek, die Nederlândse Republiek - een van die vernaamste. Holland was in die oë van baie voorwaar die aangewese toevlugsoord. Dit kan ons verstaan want Holland was ook 'n Calvinistiese land. Die Calvinistiese Holland het immers tagtig jaar lank teen die Katolieke Spanje geveg en in hierdie geweldige stryd ook 'n skitterende oorwinning behaal. Die Hugenote het dus in die Hollanders mede-Calviniste, geloofsgenote, gesien.

Die uitwyking van Hugenote na Holland het inderdaad reeds jare vóór die herroeping van die Edikt van Nantes begin. Baie

Hugenote

Hugenote het toe reeds gesien waarop die beleid van onderdrukking eintlik gemik was, en daarom het hulle Frankryk verlaat toe hulle dit nog vry gemaklik kon doen. In Holland het hulle nie nuwe gemeentes gevorm nie, maar eenvoudig by die bestaande gemeentes aangesluit. Verreweg die meeste van hulle het egter net Frans verstaan, en daarom het die Nederlandse kerklike owerhede voorsiening daarvoor gemaak dat hulle deur spesiale predikante in die Franse taal bedien ~~word~~ ^{word.} Hierdie Hugenote, wat Frankryk vóór die herroeping van die Edikt van Nantes verlaat het, het gewoonlik as huisgesinne in Holland aangekom, en was daarby in staat om heelwat van hul besittings met hulle mee te bring, aangesien daar toe nog nie die streng wette was wat hul vertrek uit Frankryk belet het nie.

Ná die herroeping van die Edikt van Nantes in 1685 het ^(soos verstaanbaar is) daar plotseling baie meer Franse vlugteling in Holland aangekom. Maar nou is hulle werklik die ongelukkige slagoffers van 'n verskerpte en veel meer wrede beleid, en hulle moeilikhede en beproewings is veel groter as dié van die vroeëre vlugteling. Met die herroeping van die Edikt van Nantes is, soos ons voorheen gesien het, die Hugenote streng verbied om Frankryk te verlaat. Diegene wat gevlug het, het dit ~~daar~~ ^{dis} in die geheim gedoen en moes noodgedwonge hul besittings agterlaat; slegs 'n bietjie geld en juwele, dinge wat verberg kon word, het sommige met hulle saamgeneem. Die meeste van hulle kom ~~daar~~ ^{egter} as brandarm mense in Holland aan.

Daar was egter baie wat nie slegs hul besittings verloor het nie, maar wat nog veel groter beproewings moes verduur, deurdát hulle van dierbare familiebetrekkings, wat omgekom het of deur die soldate gevange geneem is, vir altyd afskeid moes neem. Dr. Theal, ons groot geskiedskrywer, sê onder andere : „Very often a single youth found himself in

safety

safety after every other member of his family had perished or had been lost to sight for ever in prisons and convents". As 'n mens hierdie omstandighede in aanmerking neem, dan word dit verstaanbaar waarom gesonde, sterk jong manne in groter getalle kon uitvlug as swakke ~~swakke~~^{vroue} en kinders.

Holland, wat self maar 'n klein landjie is, het die vlugtelingte vriendelik en hartlik ontvang. Dat hulle arm was, het nie daarop aangekom nie; hulle was mense van 'n goeie klas, hulle was geloofsgenote en hulle het in die uur van die nood hulp nodig gehad - dit is hierdie dinge wat in die oë van die Hollanders die swaarste geweeg het. Dit sal daarom altyd tot eer en roem van Holland strek dat hy sy poorte vir die ongelukkige vlugtelingte wyd oopgestel het.

Toe die Nederlandse stede en dorpe in die jare onmiddellik ná die herroeping van die Edikt van Nantes meer en meer met vlugtelingte gevul is, het die idee posgevat dat daar ook in Nederlandse gebiede buite Europa vir vlugtelingte voorsiening gemaak kon word. Dit spreek byna vanself dat die besittinge van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie hiervoor in aanmerking sou kom. Maar, soos ons almal weet, was die Kompanjie 'n handeldrywende liggaam wat in groot handelswinste baie belanggestel het, maar in die reël nie vir kolonisasie in die regte sin van die woord gevoel het nie. Die Kompanjie het eenvoudig geredeneer dat jy met speserye en edelgesteentes uit die Ooste maklik groot winste kon maak, maar dat die vestiging van getalle vrye koloniste in sy gebiede net baie onkoste veroorsaak en nie winste meebring nie. Dit was die gewone opvatting van die Kompanjie en dit verklaar vir ons waarom hy wel baie handel gedryf het, maar in die reël erg teensinnig was om ~~om~~^{groot getalle} vrye koloniste na sy gebiede oor te bring.

Die vraag is dus of die Kompanjie bereid sou wees om Hugenote as vrye koloniste na sy besittinge, en veral na die

Kaap,

Kaap, te stuur. Gelukkig vir Suid-Afrika, en gelukkig vir die Hugenote, was dit in hierdie tyd wel die geval. Gedurende die jare 1653-1678 het Joan Maetsuijker as goewerneur-generaal aan die hoof van die Kompanjies-besittinge in Oos-Indië gestaan, en hierdie vérsiende man het gedurig en onvermoed op die uitsending van vrye koloniste aangedring, omdat hy vas oortuig was van die waarde wat gevestigde, vrye koloniste op die duur vir die Kompanjie sou hê. As gevolg van sy optrede het Here XVII, die opperbestuur van die Kompanjie, dan ook in 1670 'n besluit geneem dat koloniste hulle aan die Kaap, by Batavia en op die eilande Ceylon en Mauritius kon gaan vestig, en dat sulke koloniste kosteloos ^{daarheen} ~~deur die~~ ~~Kompanjie~~ vervoer sou word.

In die tyd toe die Hugenote-vlugtelinge in Holland aangekom het, was Here XVII dus juis op die uitkyk na geskikte koloniste vir die Kaap en die ander genoemde plekke. Hollandse koloniste kon nie in groot getalle verkry word nie, want Holland was welvarend en die Hollanders het dit oor die algemeen daar goed gehad, sodat hulle nie maklik hul gevestigde vaderland sou verlaat om hulle in 'n jong land, waar daar nog harde baanbrekerswerk gedoen moes word, te gaan neerset nie. Maar wat omtrent die Hugenote? Hulle was in groot getalle in Holland aanwesig; hulle was respektabele, hardwerkende mense; en, bowendien, hulle was ook Calviniste - sou sommige van hulle nie bereid wees om te gaan nie? Hulle was immers net die soort mense wat Here XVII as koloniste gesoek het.

In 1687 stel Here XVII die voorwaardes vas waaronder Hugenote na die Kaap kon emigreer. 'n Franse predikant sou deur die Kompanjie aangestel en besoldig word, wat met hulle sou saamgaan en hulle in hul moedertaal sou bedien en bearbei. Hoofde van huisgesinne, asook elke ongetroude jong man en vrou, sou 'n geldelike toelaag ontvang waarmee noodsaaklike

benodigdhede.....

benodigdhede aangekoop kon word. Emigrante sou kosteloos na die Kaap vervoer word, en, daar aangekom, sou hulle gratis plase in volle vrye eiendom ontvang. Verder sou hulle boerderygereedskappe en ander boerderybenodigdhede aan die Kaap teen kosprys kry. Eindelik sou hulle in die Kolonie in alle opsigte dieselfde voorregte as Hollandse koloniste geniet.

Dis duidelik dat die Kompanjie dit goed met die aspirant Hugenote-koloniste gemeen het; hy het selfs nie geaarsel om heelwat onkoste vir hul ontwil te maak nie. Die voorwaardes was vir die Hugenote beslis gunstig, en dit sou vreemd gewees het as daar nie van hulle was wat bereid was om die voorwaardes aan te neem nie. Teen die end van 1687 het dan ook 'n hele aantal hulle aangemeld, sodat die Kompanjie reëlings moes tref om hulle na die Kaap te vervoer.

Daar hulle hul in verskeie provinsies van die Nederlandse Republiek bevind het, is dit goedgevind om hulle in verskillende hawestede te laat skeepgaan en om 'n hele paar skepe vir hulle vervoer te gebruik. Die eerste skepe was, in die volgorde waarin hulle die Republiek verlaat het, die Voorschoten, die Borssenburg, die Oosterland, die China, en die Zuid Beveland. Die Kompanjiesowerheid het daarvoor gesorg dat familiebetrekkinge en vriende soveel as moontlik op die skepe bymekaar gehou is.

Die Voorschoten het op oujaarsdag 1687 van Delft vertrek en 22 Hugenote-passasiers aan boord gehad, dit is mans, vrouens en kinders. In die dae van die seilskepe het 'n reis van Holland na die Kaap maandelank geduur; eers op 13 April 1688 het die Voorschoten, na 'n taamlik voorspoedige reis, in Suid-Afrikaanse waters anker gewerp. Onder die eerste groep vind ons veral Marais's, Fouché's Roux's, en ook Jacques Pienaar (Pinard) en Gideon Malherbe. Vir julle wat vandag nog hierdie name dra, sal dit seker interessant wees om te weet dat julle voorouers

voorouers dus onder die eerste Hugenote was wat in Suid-Afrika voet aan wal gesit het. Onder die geselskap was daar ook sewe kinders, van wie die klein Jacques Fouché, drie jaar oud, die jongste was.

Na die Voorschoten het die ander skepe van Holland vertrek. Die Borssenburg het ook 'n voorspoedige reis gehad, maar nog nie so voorspoedig ^{soos} ~~as~~ die derde skip, die Oosterland, nie, wat besonder vinnig gevaar het, ^{en} vir dié dae, miskien selfs die rekord vir die reis van Europa na die Kaap geslaan het deur dit in minder as drie maande af te lê. Daarna volg die China, wat minder gelukkig was en werklik 'n ramspoedige ~~reis~~ ^{reis} gehad het; dit het sewe maande geneem om die ~~reis te voltooi~~ ^{afstand af te lê}, en bowendien het sowel bemanning as passasiers byna almal siek aan die Kaap aangekom. Onderweg is daar 20 persone aan boord oorlede, van wie twaalf Hugenote was. Die laaste skip om te vertrek was die Zuid Beveland, wat egter weer 'n vry voorspoedige reis gehad het.

Die Oosterland het altesame 23 Hugenote gebring, onder wie ons veral die stamvaders van drie families vind wat vandag in Suid-Afrika baie bekend is, naamlik die families Du Plessis, Buijs en Nortjé. Met die China, wat soveel wederwaardighede op die reis ondervind het, het 22 Hugenote gekom en onder hulle was die stamvaders van ons Afrikaanse families Minnaar, Jordaan, Joubert en La Grange. Die passasierlyste van die Borssenburg en die Zuid Beveland het verlore gegaan, sodat ons nie presies kan vasstel hoe die verteenwoordigers van die verskillende name hierop verdeel was nie. Daar was egter twee passasiérs op die Zuid Beveland gewees van wie ons wel kennis dra, en wat spesiale vermelding verdien, naamlik, ds. Pierre Simond en sy vrou. Ds. Simond was 'n besonder ontwikkelde man met 'n sterk persoonlikheid, wat hom nie slegs as predikant nie, maar ook

as algemene leier van die Hugenote aan die Kaap onderskei het.

Met die genoemde skepe, wat almal in 1688 hier aangekom het, het die meeste Franse vlugtelingse uitgekóm, maar hiermee was die Hugenote-verhuising na Suid-Afrika nog nie voltooi nie; ~~want~~ in die volgende jaar het nog twee skepe, die Wapen van Alkmaar en die Zion, met groot geselskappe gearriveer. Wie almal met hierdie vaartuie gekóm het, kan ons ook nie met sekerheid sê nie. Maar vir die talryke lede van die familie De Villiers sal dit nie van belang ontbloot wees nie om te verneem dat dit in elk geval vasstaan dat die Zion die skip was wat die stigters van die familie De Villiers na ons kuste gebring het.

Behalwe die familiename wat reeds genoem is, is daar ook verskeie andere wat vandag baie bekend in Suid-Afrika is en wat tot die Hugenote teruggevoer moet word. Ons dink nog byvoorbeeld aan die families ~~Rosseau~~^u Rosseau, Du Toit, Malan, Theron, ~~Retief~~, Retief, Celliers en Du Preez. Ons kan met veiligheid sê dat die stamvaders van hierdie families met dié skepe gekóm het, waarvan ons nie die besonderhede omtrent hul passasiers het nie.

Aldus het daar in die jare 1688 en 1689 ongeveer 170 Hugenote na ons land gekóm. Hier het hulle die stigters van families geword wat met verloop van tyd volkome in die Afrikaanse volk opgegaan het en in uiters belangrike bydraet tot die ophou en vorming van ons volk gelewer het.

Met die suksesvolle verhuising van die 170 Hugenote na Suid-Afrika was hulle moeilikhede egter nog nie agter die rug nie. Hulle het die ou Europa vaarwel gesê; op die nuwe Suid-Afrika het hulle hul hoop gevestig. Maar hier moeshulle nog baie moeilikhede in die oë sien: hulle het omtrent niks besit nie, en hulle moes weer van vooraf begin. Die Hugenote was egter mense van karakter, mense van toewyding en volharding, en hulle sou

vir

harde baanbrekerswerk nie terugskrik nie. Bowendien, Suid-Afrika het hulle één groot voorreg gegun wat hulle *moederland*, Frankryk, hulle nie wou gun nie, naamlik om die Here te aanbid soos hul gewete hulle voorgeskryf het. Vir die toekoms het hulle hoop en moed gehad; hulle moes maar net eers gevestig raak laat ek julle by die volgende geleentheid vertel hoe dit gebeur het.

-----oOo-----